| | |
|---|---|
| *VERSLAGWAARDIG* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER REGTERS* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER LANDDROSTE* | *JA/NEE* |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.: CA&R 3/2004***
***DATUM AANGEHOOR: 24-11-2005***
***DATUM GELEWER: 30-06-2006***

In die Appél van:

RAYMOND ESAU — EERSTE APPELLANT

ANTHONY VYWERS — TWEEDE APPELLANT

teen

DIE STAAT — RESPONDENT

**CORAM: MAJIEDT R et C C WILLIAMS R:**

# *UITSPRAAK*

**WILLIAMS R:**

1. Die appellante is op 28 November 2000 in die Streekhof te Upington skuldig bevind aan roof met verswarende omstandighede soos omskryf in artikel 1 van Wet 51 van 1977 en is elkeen gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf.

2. Appél teen die skuldigbevindings is reeds gedurende 2001 aangeteken maar op die aanhoordag, 22 Oktober 2001, was daar geen verskyning vir die appellante nie en ook geen

betoogshoofde namens hulle geliasseer nie. Buys R, voor wie die aangeleentheid gedien het, het die appél uitgestel tot 28 Januarie 2002 en het gelas dat die appellante se prokureur, mnr. Johan Vorster, voor daardie datum skriftelike verduideliking vir sy versuim aan die Griffier van die Hof verskaf.

3. Op 28 Januarie 2002 is die appél egter van die rol geskrap na ‘n aansoek om uitstel van die hand gewys is en is ons seker geregtig om te aanvaar dat daar weereens een of ander versuim aan die kant van die appellante was.

4. Hoe dit ookal sy, na die saak van die rol geskrap is, is ‘n appellant nie geregtig om net bloot weer die appél ter rolle te plaas sonder ‘n substantiewe aansoek om kondonasie nie. Huidiglik dien daar geen so ‘n aansoek voor ons nie, maar beoog ons, in ‘n poging om finaliteit aan hierdie saak te bring, dit te hanteer asof hier in die geval van beide appellante aansoeke om kondonasie voor ons dien wat ons sal oorweeg aan die hand van die meriete van die appél.

5. Die twee appellante, tesame met ‘n derde beskuldigde, is in die verhoorhof daarvan aangekla dat hulle by die Ceasars Palace Casino te Keimoes hulle skuldig gemaak het aan die roof van onder andere kontant, ‘n CD speler en CD’s, selfone en

selfoonlaaiers ter waarde van R33 491,00 en waarby 'n vuurwapen gebruik is.

6. Die twee appellante en beskuldigde 3 in die verhoor was almal regsverteenwoordig en het onskuldig gepleit tot die aanklag en verkies om hul swygreg uit te oefen.

7. Vanaf Staatsweë is die getuienis dat die twee appellante op 17 Augustus 1999, voor sluitingstyd, ongeveer 22:00, terwyl daar slegs drie personeellede (die drie ooggetuies) en twee gereelde besoekers by die casino was, daar aangekom het en *"pool"* gespeel het. Na die twee gereelde besoekers die casino verlaat het om ongeveer 23:00, het die twee appellante ook geloop en is die casino gesluit. Kort daarna was daar 'n klop aan die deur en het die casinobestuurder, Frans Beukes en die ander manlike personeellid, Raymond Coetzee, die deur gaan oopmaak. Dit was die twee appellante wat teruggekom het en gevra het of hulle water mag drink.

8. Die twee is weer in die casino toegelaat en Beukes is na die stoorkamer wat geleë is af van die hoofsaal van die perseel. Terwyl hy in die stoorkamer was het hy gehoor hoe sy kollega Coetzee skreeu asook hul vroulike kollega Loretta Basson, wat vroeër in 'n woonstel aangrensend aan die casino besig was om kos vir hulle voor te berei. Toe Beukes gaan ondersoek instel na die lawaai, het hy gesien dat Coetzee besig was om te stoei met die eerste appellant wat gewapen was met 'n pistool.

9. Die eerste appellant het dit reggekry om vir Coetzee weg te stamp en het hom en Basson beveel om agter die toonbank te lê terwyl Beukes aangesê is om die geld op die perseel te oorhandig. Tweede appellant het aanvanklik vir Coetzee en Basson agter die toonbank opgepas maar het later ook vir Beukes gehelp om die dobbelmasjiene leeg te maak. Van die muntstukke het in die proses op die vloer geval en het die eerste appellant ook vir Coetzee beveel om te help om dit in sakke te sit. Coetzee is op hierdie stadium oor die kop geslaan met die pistool deur die eerste appellant. Die eerste appellant het ook op 'n stadium tydens die roof die vuurwapen in Beukes se mond gedruk en hom gedreig.

10. Tweede appellant, wat deur die eerste appellant aangespreek is as *"Taks"* het toe begin om die geldsakke uit te dra waarna hy die res van die gesteelde goedere soos die selfone, CD speler ens. bymekaar gemaak het en uitgedra het. Na al die goedere uit is, is die drie personeellede vasgebind met banksakke en verlengingskoord en het die appellante die casino verlaat.

11. Dat die roof plaasgevind het soos beskryf deur die drie ooggetuies is nie in geskil geplaas nie. Deur stellings gemaak aan getuies het dit egter geblyk dat die appellante 'n

alibiverweer voorhou en is die belangrikste aspek wat dus in geskil geplaas is, die identiteit van die rowers.

12. Ek beoog nie om in enige groot detail die getuienis oor die identiteit van die rowers te behandel nie aangesien die verhoorhof hierdie aspek deeglik en beredeneerd behandel het. Die volgende faktore word egter uitgelig:

12.1 Die beligting in die casino ten tye van die voorval was baie goed.

12.2 Die drie ooggetuies het genoegsame geleentheid gehad om die rowers waar te neem: die eerste geleentheid toe die twee persone *"pool"* gespeel het, het al drie die ooggetuies hulle gesien en toe hulle terugkeer om die roof te pleeg het die drie getuies weer 'n geleentheid gehad om hulle waar te neem.

12.3 Die drie ooggetuies het die polisie kort na die voorval 'n mondelinge beskrywing gegee van die twee rowers wat in breë trekke ooreenstem met die twee appellante.

12.4 Hulle was aldrie behulpsaam in die opstel van 'n identikit van een van die rowers (tweede appellant) wat in 'n plaaslike koerant gepubliseer is.

12.5 Na hierdie identikit in die koerant verskyn het, het die polisie op 2 September 1999 inligting ontvang wat hulle gelei het tot 'n woning in Morningside, Upington. Coetzee, wat saam met die polisie na hierdie woning is, het sonder huiwering vir eerste en tweede appellant uitgesonder en uitgewys waar hulle in die geselskap van drie ander manspersone was.

12.6 Die twee appellante is na hul arrestasie ook op 'n identiteitsparade uitgeken deur Beukes en Basson.

13. Die drie ooggetuies het 'n baie goeie indruk op die verhoorhof gemaak en selfs die blote deurlees van die oorkonde is

bevestiging hiervan. Die verskille wat bestaan ten opsigte van hul beskrywing van die rowers op die toneel is gering en te verwagte gesien in die lig van die traumatiese ondervinding wat hulle beleef het.

14. Die uitwysing van die twee apellante as die rowers deur die drie ooggetuies is egter nie die enigste getuienis wat hulle met die misdryf verbind nie.

15. Binne die huis waar die twee appellante gearresteer is, is een van die geroofde selfone gekry.

16. Drie vuurwapens is ook deur die polisie in hierdie huis gevind, een daarvan 'n pistool wat volgens die getuie Beukes soortgelyk is aan die een gebruik in die roof. Insiggewend is dat hierdie pistool as gesteel aangemeld is in die Bloemfonteindistrik waarvan die twee appellante afkomstig is.

17. Me. Siebrits die huiseienaar sowel as Rodger Ntlapane, 'n persoon wat saam met die appellante gereis het vanaf Bloemfontein en ook in die huis gevind is, sowel as beskuldigde 3 het getuig dat hulle die tweede appellant by die naam van *"Taks"* ken.

18. Me. Siebrits het ook getuig dat die twee appellante en hul

vriende die aand van die voorval ook in Upington was en haar huis verlaat het tussen 21:00 en 21:30 om terug te keer na Bloemfontein ná hulle ‘n paar dae by haar aan huis was. Daar was dus genoeg tyd om by die casino in Keimoes aan te doen op die tyd soos voorgehou deur die ooggetuies.

19. Die Staat het in die geheel gesien, na my mening ‘n sterk *prima facie* saak teen die twee appellante uitgemaak. Ten spyte hiervan het die twee appellante gekies om nie te getuig nie.

20. Beskuldigde 3 in die verhoor, die eienaar en bestuurder van die voertuig waarmee die appellante tussen Bloemfontein en Upington gereis het en wat ook teenwoordig was met die appellante in me. Siebrits se huis toe hulle arresteer is, het wel getuig. Sy weergawe is dat hy, die twee appellante en nog twee ander passasiers alreeds, teen die tyd wat die Staat beweer die appellante die casino besoek het, tussen Grobblershoop en Griekwastad was op pad na Bloemfontein. Hierdie weergawe van Beskuldigde 3 is as onwaarskynlik en leuenagtig deur die verhoorhof geag, aangesien dit onder andere sou behels dat hy teen ‘n spoed van 170km/h moes ry oor ‘n baie slegte pad inaggenome die tyd wat die mans me. Siebrits se huis verlaat het. Hierdie beskuldigde is egter onskuldig bevind en ontslaan aangesien daar geen direkte getuienis was wat hom met die misdryf verbind het nie. Sy

getuienis neem die appellante se saak geensins verder nie en kan nie dien as bevestiging van hul alibiverweer nie.

21. Die appellante is uitgewys as die rowers deur die ooggetuies. Daar is ook omstandigheidsgetuienis wat hulle verbind met die misdryf. Hulle keuse om nie te getuig nie het sekere gevolge. In *S v Boesak* 2001(1) SA 912 (CC) te 923 E het Langa AHR, soos hy toe was die volgende in die verband te sê:

> "The fact that an accused person is under no obligation to testify does not mean that there are no consequences attaching to a decision to remain silent during the trial. If there is evidence calling for an answer, and an accused person chooses to remain silent in the face of such evidence, a court may well be entitled to conclude that the evidence is sufficient in the absence of an explanation. Whether such a conclusion is justified will depend on the weight of the evidence. . ."“

22. Die Staat het 'n sterk *prima facie* saak bewys wat onweerspreek gelaat is deur die appellante se versuim om getuienis te lewer. In die omstandighede het dit na my mening afdoende getuienis geword en is die appellante tereg skuldig bevind.

23. Dit volg dus dat daar na my mening geen meriete in die appél is nie en kan kondonasie nie toegestaan word nie.

**Die volgende bevel word gemaak:**

**Die aansoek om kondonasie ten opsigte van beide appellante word van die hand gewys**

C C WILLIAMS
REGTER

Ek stem saam.

S A MAJIEDT
REGTER

| | |
|---|---|
| Nms. Appellant: | Adv. Fourie, Regshulpraad |
| Nms. Respondent: | Adv. Mashalane<br>Kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings, Noord-Kaap |